Mediaverklaring
Solidariteit Helpende Hand
9 Augustus 2010

Dames Aktueel skakel ná 32 jaar in by Helpend Hand se Vroue in Aksie
Helpende Hand stig nasionale Afrikaanse vroue-organisasie

Solidariteit Helpende Hand maak hierdie maand geskiedenis met die stigting van die nasionale Afrikaanse vroue-organisasie: Vroue in Aksie. Die geskiedkundige stigting gaan gepaard met die inskakeling van die vroue-organisasie Dames Aktueel. Die organisasie het op Saterdag, 31 Julie ná 32 besluit om formeel by Helpende Hand se Vroue in Aksie in te skakel.

“Sedert Helpende Hand die stigting van Vroue in Aksie aangekondig het is Afrikaanse vroue landswyd opgewonde oor die vooruitsig om deel te wees van oplossings vir die huidige armoedevraagstuk. Die organisasie bied vroue ook die geleentheid om ’n spreekbuis te wees vir die Afrikaanse vrou in Suid-Afrika,” sê dr. Maryn Botha, nasionale voorsitter van Vroue in Aksie. Botha is in 2001 verkies as president van Dames Aktueel in is reeds vir 22 jaar by vroue-organisasies betrokke.

Volgens haar het Dames Aktueel die belangrikheid daarvan besef om Afrikaanse vroue toe te rus en te bemagtig om by te dra tot die opheffing van Afrikaanse gemeenskappe op internasionale, nasionale en plaaslike vlak.

Afrikaner-armoede het sedert 1994 met 150% toegeneem. Bekende demograaf prof. Flip Smit het bereken dat sowat 600 000 Afrikaners besig is om in armoede te verval. Vroue in Aksie word gestig in ’n era waarin bejaarde vroue in haglike omstandighede in plakkerskampe krepeer, jong meisies daagliks blootgestel word aan seksuele vergrype in hierdie kampe en jong vroue kindertoelaes as enigste uitkoms beskou.

Volgens Botha is dit ondenkbaar dat die ANC-vroueliga alleen standpunt kan inneem oor aktuele sake wat vrouens, kinders en gesinne raak. “Dit is tyd dat Afrikaanse vroue saamstaan, standpunt inneem en deel word van die groter prentjie om die armoedevraagstuk op te los,” sê dr. Botha.

Volgens Lindie Strydom, skakelbeampte van Helpende Hand, is vroue se unieke aanslag broodnodig om die armoedekrisis aan te pak. “Vroue in Aksie gee die moderne vrou die platform om haar roeping uit te leef en ’n verskil in haar gemeenskap te maak. Vroue word terselfdertyd toegerus om hulle gesinne beter te ondersteun,” sê Strydom.

Inspirerende Afrikaanse vroue Hettie Britz en Aletté Winckler tree op as beskermvroue en medewerkers vir Vroue in Aksie om vroue toe te rus om te dien. Bekende vrouetydskrif *Finesse* is reeds ’n vennoot van Vroue in Aksie, terwyl *Nu Metro Inspires* by die organisasie geaffilieer is om vroue op nasionale vlak te bemagtig.

Volgens Botha is slegs 2% van Afrikaanse vroue by ’n vroue-organisasie betrokke.

“Dit is tyd dat Afrikaanse vroue in Suid-Afrika opstaan en hoop in werklikhede omskep. “Vroue in Aksie is ’n organisasie wat nie net praat nie, maar doen,” sê Botha.

Lees meer oor Vroue in Aksie in die volgende uitgawe van *Finesse*, of skakel Lindie Strydom by 012 644 4390.

Hoe raak ek betrokke?

- Word ’n Vroue in Aksie-ondersteuner
- Stig ’n Vroue in Aksie-tak
- Skakel 0861 25 24 23
- Rig navrae aan **diens@helpendehand.co.za**
- Besoek die webblad by **www.helpendehand.co.za**